



FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: nuusbrieff@framesby.co.za

Uitgawe 44: 1 MEI 2015

EILAND VAN UITNEMENDHEID

Soos baie ander skole, streef ons by Framesby daarna om sonder teenspraak erken te word as 'n instansie waar alles wat hier gebeur spreek van toewyding, verantwoordbaarheid en uitnemendheid. Dit raak weer tyd dat Graad 7's groot besluite rakende hul toekoms moet neem, en ons moet onself afvra of hulle dalk twyfel oor Framesby.

Die antwoord moet 'n onomwonde NEE wees! Niemand behoort te twyfel daaroor dat hierdie skool jou die beste bied nie, dat die personeel van hierdie skool elke dag hul leerders op 'n ontdekkingsreis neem nie, dat die leerders in hierdie skool elke geleentheid aangryp en tot hul beste self ontwikkel nie, en dat die ouers van hierdie skool met groot dankbaarheid en trots hul kinders elke dag aan hierdie skool toevertrou en onvoorwaardelik lojaal aan hul skool is nie.

Dalk bietjie sterk taal? Glad nie! Framesby is 'n unieke skool met 'n unieke karakter. Uitnemendheid KAN hier 'n leefwyse wees, en middelmatigheid KAN hier ontmasker word. Die hedendaagse mens neig baie maklik na die veilige middel, en dit behoort elkeen in hierdie skool se uitsluitlike doelwit te wees om SAAM die toekoms met die sleutel van uitnemendheid oop te sluit.

Uitnemendheid beteken nie om alles te wen en altyd die beste te presteer nie, allermens! Dit veronderstel egter die WIL om elke dag ten volle te benut en te leef. Om nie jou tweede beste as goed genoeg te aanvaar nie. Om altyd te soek vir die bietjie meer, die bietjie dieper. Om altyd te poog om 'n bietjie van 'n "edge" op ander te hê. Om elke dag te weet dat ons tot niks in staat is op ons eie krag nie, maar dat ons GREAT kan wees met iets Groters as onself saam met ons.

WEES BUITENGEWOON. AL IS JOU BESTE NIE 'N A-GEMIDDELD NIE!

EKSAMENROOSTER-REGSTELLINGS

Neem asseblief kennis dat daar in die Junie-eksamenrooster wat in die vorige uitgawe verskyn het, twee klein foute ingesluip het.

Die Graad 12-leerders skryf twee vraestelle in Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid. Op die rooster is beide eksamengeleenthede aangedui as Vraestel 1. Die Graad 12's skryf egter op 5 Junie Vraestel 1 en op 12 Junie Vraestel 2.

Die Graad 10 Wiskunde-leerders skryf ook twee vraestelle, maar die tweede vraestel is uitgelaat. Hierdie vraestel sal op Dinsdag 23 Junie geskryf word. Die Wiskundige Geletterdheid skryf egter slegs een vraestel, en wel op Woensdag 10 Junie, saam met die eerste Wiskunde-vraestel.

Geniet die langnaweek!

Sterkte aan ons sportspanne teen Hoërskool Grens

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Saterdag

Geraldine Amos 12C
Janka Bam 8G
Tiaan du Toit 12E

Sondag

Bernardt Vlok 9C

Maandag

Inge Zulch 9A

Dinsdag

Rochelle O'Niel 10C
Adandré Struwig 11C
Rikus Zaayman 12F

Woensdag

Miguel de Allende 11C
Jordan Lombard 9B

Donderdag

Gerhard Delport 8D
De Wet Erasmus 9G
Enrico Fortuin 8C
Ashley Kapp 9D
Marianka Meiring 12G
Clarize Merrick 12B

Vrydag

Leneé Botha 12F
Ashton Dunn 10F
Leah Nell 10E
Shané Smith 12D

PRESTASIES EN UITSLAE

Muurbalspan vaar uitstekend in "Grey

High School Racquet and Golf Festival"

Framesby se top 6 muurbalseuns het verlede naweek aan die Grey Festival deelgeneem en uitstekend gevaar deur die algehele derde plek te behaal. Van die bekendste skole in die land het deelgeneem aan hierdie uitsoek-toernooi en ons span het hulle ongelooflik goed van hul taak gekwy. Om alles te kroon het een van die spanlede, Karl Bernhardt, tussen wedstryde na Uitenhage gejaag om vir die tweede rugbyspan teen Daniel Pienaar te speel! Die span het as volg gevaar: Eers klop hulle Grey High se B-span met 16-5, waarna hulle met Grey Kollege van Bloemfontein (15-9) en Selborne College van Oos-Londen (15-8) afreken. In die volgende wedstryd het hulle ongelukkig teen Bishops van die Kaap vasgeval met 7-12. In die uitspeelwedstryd om die 3de plek het hulle egter weer Selborne die loef afgesteek (13-9) en so die derde plek in totaal ingeneem. Die spelers het ook in die dubbels-toernooi meeding en hier het Dewald van Niekerk en Warren Bower as die algehele wenners uit die stryd getree. In die tweede groep het Stephen Tait en Karl Bernhardt die vierde plek behaal en in die derde groep was Stehan Krause en Petrus van Rooyen ook vierde. Baie geluk manne! Julle het werklik uitstekend gevaar! Op die foto is van links na regs: Stehan Krause, Karl Bernhardt, Dewald van Niekerk (kaptein), Stephen Tait, Petrus van Rooyen, Warren Bower en Terry Dowling (afrigter).



LANDLOOP SPRING WEG MET 'N "BANG"!



Die eerste landloopliga het by Woensdag by Otto plaasgevind, en soos dit met die landloop gaan, het Framesby met hul 60 atlete die liga oorheers. Ons is regtig bederf om sulke toegewyde afrigters en atlete in Framesby te hê, wat elke dag in wind en weer baie hard oefen en uiters entoesiasies aan die kompetisies deelneem. Baie geluk aan almal. Framesby is werklik BAIE trots op julle! In die spankompetisies het ons as volg gevaar: In die Dogters O/15, O/17 en O/19, sowel as in die Seuns O/15 en O/19 het Framesby die kompetisie gewen. Ons het dus geseëvier in VYF van die ses ouderdomsafdelings. Watter uitstekende prestasie!

Die volgende atlete het onder eerste 3 in hul ouderdomsgroepe geëindig: In die Dogters O/14-kompetisie was Lara de Bloe eerste en het sy die vinnigste tyd van alle dogters opgestel, terwyl Gerida Stadler derde geëindig het.

In die Dogters O/15-kompetisie was Vicky Oelofse eerste en Nicole Hamilton derde. By die O/16 dogters het Shene Delpont ook eerste geëindig met Chané Petzer in die derde plek. Bridget Hart het by die Dogters O/17 almal uitgestof met Chanté Botha in die derde plek. By die O/19 dogters het Dané Cronje, Anel Gerber en Shani Smit onderskeidelik eerste, tweede en derde geëindig.

Die seuns het ook uitstekend gevaar. Björn Minnie was derde by die Seuns O/14, terwyl Janno Agenbag, Joshua Gouws en Deandre van der Merwe die eerste drie plekke by die Seuns O/15 ingeneem het. By die Seuns O/16 was Brendan Welsh derde.

Op die foto hierby pryk twee van ons uitblinkers by die landloop, Vicky Oelofse en Lara de Bloe.

NOG UITSLAE EN BROKKIES

DOENIG TEEN DESPATCH

DIE BLUES SE TROTS!

Op die "krokkelys" met sy chommies!

VROLIKE HOKKIE-BOKKIES!

NETBAL-KONSENTRASIE!

RUGBY EN NETBAL VAAR GOED TEEN DANIEL PIENAAR

Die Hoër Tegniese Skool Daniel Pienaar op Uitenhage is vanjaar 120 jaar oud. Dis die oudste Tegniese Skool in Suid-Afrika, en die eer het ons te beurt geval om op hul Feesnaweek teen hulle kragte te meet in onderskeidelik rugby en netbal. Ons nuwe ouers mag dit dalk vreemd vind dat 'n Tegniese Skool wat tradisioneel net seuns-leerders het, netbal sal speel, maar DP is reeds etlike jare ook oop vir meisies en spog hulle met 'n paar netbalspanne.

Daniel Pienaar word oor al die jare gereken as een van die sterkste rugby-skole in die Oos-Kaap en die kompetisie tussen ons twee skole is jaarliks besonder straf. Vanjaar was geen uitsondering nie. Ons kan egter met groot trots berig dat Framesby vanjaar die beste in baie jare gevaar het, veral gesien in die lig daarvan dat die wedstryde op Daniel Pienaar se velde, en op hul feesnaweek, plaasgevind het.

Al drie ons O/14-spanne het geseëvier, wat 'n besondere prestasie is. Baie geluk, mannetjies! Ons O/15 A-span het gelykop gespeel, terwyl die B-span sake reggestel het na hul verloor teen Despatch en DP maklik geklop het. By die O/16-spanne moes die A-span toekyk hoe die wedstryd, wat gelykop moes eindig, met 'n 50 meter-strafskop deur DP se losskakel voor hulle weggepluk word! Die B-span het wel geseëvier. Baie mooi julle O/16's. Die toekoms lyk al hoe rooskleuriger!

By ons senior spanne het dit nie heeltemal so goed gegaan nie, maar die tellings vertel egter die die volle verhaal nie. Almal het uitstekend gekompeteer en ons kon eintlik al die wedstryde gewen het. Die groot trots van Framesby op die dag was egter die VIERDE SPAN!! Hierdie manne het met 'n uiters gelapte span DP totaal ore aangesit en uitstekend gewen! Die derdes en tweedes het goed gespeel, maar ongelukkig verloor, terwyl die eerstespan ook hartverskeurend in die laaste minuut verloor het toe DP 'n drie in die hoekie aanteken. Dit was egter 'n baie goeie wedstryd waarin die Bloktrui-manne werklik verdien het om te wen. Mens moet egter leer uit sulke teleurstellings en ons glo dat die seisoen nog baie belofte inhou. Baie geluk aan al ons spanne. Dit was GREAT!

By die netbal het ons O/14 C-span gelykop gespeel teen DP se O/14 A-span, terwyl ons O/19 C- en B-spanne DP se tweede- en eerstespanne met groot tellings geklop het. Baie geluk julle meisies!

IETSIE VIR DIE SIEL

V ANUIT die Nazi tronke, waar hy kort daarna om die lewe gebring sou word, skryf die Duitse evangeliese predikant Dietrich Bonhoeffer in Mei 1944 dat daar vir gelowige mense in sulke verwarrende, ontwrigtende tye soos wat hulle beleef, eintlik net twee dinge oorbly om te doen. Hulle kan doen wat reg is, en hulle kan bid. Hy het op verskillende maniere duidelik gemaak wat hy bedoel met die doen van wat reg is, van geregtigheid, en dit self ook uitgeleef. Baie mense, tot vandag toe, is diep geïnspireer deur sy eie lewe vir wat reg is en deur sy woorde oor wat reg is. Dog ewe aangrypend is sy gedagtes oor die tweede ding wat vir sy gelowige tydgenote oorbly, naamlik om te bid. 'n Wesenlike deel van ons gebede is ons voorbedding. Vir onself, maar ook vir andere, vir die nood van die wêreld. In ons voorbede, sê Bonhoeffer, dien ons ons naaste. Hy herinner sy lesers aan Martin Luther se beroemde woorde dat God eintlik van ons niks anders vra nie as om die een vir die ander 'n klein Christus te word, soos Christus ons ook aangeneem het, tot lof en heerlijkheid van God ons Vader (Rom 15). Volgens Luther is alle Christenmense deur God vrygemaak van alle wet, skuld, straf, vrees en verknegting om juis in volkome vryheid onself as diensknegte aan mekaar te wy. En presies dit doen ons in ons voorbedding, sê Bonhoeffer. Ons dien ons naaste. In vryheid en uit liefde.

In ons voorbede gaan staan ons in ons naaste se plek, in hul skoene, in hul lot, en pleit namens hulle by God. In ons voorbede tree ons in vrywillig, uit liefde in ons naaste se skuld, hul nood, hul gebreke. En ons neem dit oor. Ons trek dit aan. Dit word óns skuld, ons nood. En ons pleit vir hulle by God. Ons veroordeel hulle nie langer nie. Ons verwerp hulle nie. Ons kyk hulle nie veroordelend aan nie. Ons verhef ons nie bo hulle nie. Ons distansieer ons nie van hulle nie. Ons dank God nie dat ons darem nie soos hulle is nie. Nee, ons gaan staan in hul plek. Langs hulle, saam met hulle. Ons neem hul laste, swakhede, sonde, leed en skuld op ons, en ons pleit vir hulle.

Dit doen Christus immers vir ons. Só het Hy ons aangeneem. En só neem Hy ons steeds aan. En pleit vir ons, met voorbedding in die hemele aan die regterhand van die Vader.

In die proses sê Bonhoeffer gebeur daar iets in ons. Verander ons eie houding teenoor hulle vir wie ons bid. "Broers of susters, vir wie ek bid, kan ek by al die moeite en droefheid wat hulle my besorg, nie langer veroordeel of haat nie. Hul gesig, wat tevore vir my miskien onvriendelik, onaangenaam, selfs onuitstaanbaar voorgekom het, verander in my voorbede na die gesig van 'n suster of broer vir wie Christus gesterf het. Daar is geen vyandskap, geen persoonlike spanning of verwydering, wat nie in voorbede oorwin sou kon word nie. Voorbede is die suiwerende bad, wat sowel die enkeling as die gemeenskap elke dag nodig het, omdat dit ons kan reinig van alle spanning, stryd, bitterheid en onversoendheid tussen ons" sê hy. Bid as bad? As die oomblikke waarin ons vooroordele en bitterheid afgewas word? Omdat ons vir ons naaste en vyande, by die naam, voor God pleit? Miskien is dit omdat ons nie bid nie dat ons nie liefhet nie?

Uit *Die Burger* 5 Februarie 2000

Bid as bad ...

Waarvoor is wie verantwoordelik?

Dit is natuurlik moontlik om baie punte oor verantwoordelikheid kwyt te raak. Watter van dié sal die beste op 'n skoolgemeenskap van toepassing wees?

Die skool se verantwoordelikheid:

- netjiese terrein, geboue en toerusting.
- hoë akademiese standaarde.
- groot verskeidenheid van aktiwiteite, wat baie goed georganiseer word.
- kompeterende fasiliteite vir al die aktiwiteite.
- 'n uitstekend opgeleide en gemotiveerde personeel.
- oorkoepelend 'n werkbare dissiplinêre stelsel.

Die leerlinge se verantwoordelikheid:

- die nodige respek teenoor die skool se terrein, geboue en toerusting.
- gemotiveerd wees om altyd jou beste op die akademiese vlak te gee.
- saam met jou mede-leerling aan die skool se aktiwiteite deel te neem ongeag in watter span jy speel.
- die skool se dissiplinêrestelsel deel van jou lewe by die skool te maak.
- Oorkoepelend 'n onbetwiste lojaliteit teenoor die skool

Die verantwoordelikheid van die ouers en oud-leerlinge kan tot 'n ander gesprek lei. Ek volstaan egter met bogenoemde punte.

ALMAL MOET VOORDUREND VRA: AAN WATTER VAN BOGENOEMDE PUNTE KAN ONS NÓG MEER AANDAG GEE?

EDUCATION IS NOT THE FILLING OF A PAIL, BUT THE LIGHTING OF A FIRE!